Teksgedeelte: Deuteronomium 6

Teksvers: Deuteronomium 6:4-9

Tema: Ek en jy saam voor God se troon: `n Verbondsvolk wat as gesinne saam ons God aanbid en dien.

Hoe dink jy oor genade? Wat beteken die woord "genade" vir jou? As ons die Ou Testament reg wil verstaan en wil weet wat die Ou Testament vir ons beteken, moet ons eerstens hierdie vraag vra en duidelikheid hê oor wat "genade" werklik beteken. Almal van ons sal saamstem dat God die Vader sy Seun, Jesus Christus gestuur het om vir ons sondes te kom sterf, sodat ons die ewige lewe kan erf. Ons kan sê dat dit God sy enigste Seun gekos het, sodat ons werklik weer kan lewe. Geen een van ons sal daarmee stry nie.

Waar die verskil egter baie keer inkom, is dat ons daarna sal sê dat geen een van ons iets kan doen om hierdie verlossing te verdien nie – ons ontvang dit gratis, uit genade. Maar wanneer ons op hierdie punt kom, kom daar dikwels `n "maar" in. Ja, dit is uit genade wat ons gered is, **maar ons moet nog die wet gehoorsaam**. Of dikwels sal ons hoor dat iemand sê dat ons uit genade gered is, **maar dat dit nie beteken dat ek nou teen die sonde kan stry nie** of dat dit beteken dat **ek maar kan lewe soos ek wil**.

Dit is so, genade vra niks van jou, want dan sou dit nie genade gewees het nie! Genade is roekeloos, kan ons amper sê, omdat dit niks terug verwag nie....en hier kom die enigste werklike "maar" van genade...maar as ons genade werklik só sien, dan sal ons nie anders kan nie as om werklik te lewe soos God wil hê ek moet lewe. Hoe kan ek immers dit liefhê waarvoor Jesus Christus vir my gesterf het? **Hoe kan ek sonde liefhê, selfs najaag, as dit my Verlosser sy lewe gekos het om my daarvan te verlos? Hoe kan ek te vrede wees met die sonde in my lewe wanneer ek besef dat dié Een waardeur die Vader alles gemaak het sy lewe vir my neergelê het?** Dan begryp ek nog nie werklik wat genade beteken nie!

Wanneer ons genade egter reg verstaan, dan begin ons hierdie gedeelte in Deuteronomium 6 ook anders en reg verstaan. God gee aan die volk hierdie opdragte in Deuteronomium 6, nadat Hy aan hulle genade bewys het. Nadat Hy hulle uit Egipte verlos het, gee Hy aan hulle hierdie wette, sodat hulle só kan lewe dat dit goed met hulle sal gaan en sodat dit duidelik sal word dat hulle God dank vir sy groot genade. Hy rig eers weer die verbond met hulle op en dan leer Hy hulle hoe om hulle dankbaarheid uit te leef en uitdrukking te gee aan hierdie besonderse verhouding. Dit is deurdat hulle uit genade uit Egipte verlos is, wat hulle só kan lewe soos God van hulle vra, want deur só te lewe wys hulle dat hulle ook breek met die sonde wat hulle in Egipte geleer het.

God leer die volk in hierdie gedeelte dat Hy die enigste ware God en Here is en juis daarom moet hulle Hom liefhê met hulle hele lewe – met hart en siel en met al hulle

krag. Christus sluit hierby aan wanneer die Skrifgeleerdes en Fariseërs Hom vra wat die grootste gebod is! Hy herhaal hierdie woorde en Hy bevestig dit ook deur Johannes wanneer Johannes ons leer in 1 Johannes 5 dat ons weet dat ons die kinders van God liefhet wanneer ons God eerste liefhet en sy gebooie gehoorsaam. Ook vandag nog staan hierdie reaksie vir ons wanneer ons die genade van God aangryp! Wanneer ek die absolute, roekelose genade van God begryp en in Jesus Christus dit aanneem, kan ek nie meer aanhou en daarvan hou om God te haat nie – dan moet ek ook sy gebooie liefhê en dit gehoorsaam, want dit is juis daardeur wat dit duidelik word dat ek God liefhet.

Maar dit is egter nie die einde van Deuteronomium 6 nie! God gaan verder en verduidelik vir ons as sy Verbondsvolk, as sy kerk, hoe ons ook mekaar moet liefhê en in die besonder hoe ons as gesinne mekaar moet liefhê. Elke gemeente, die hele verbondsvolk van God, bestaan uit gesinne en daarom dat God juis hier praat oor gesinne. Hy leer ons dat liefde vir God tot gevolg het dat ons ons medegelowiges en ons naastes ook moet liefhê. Wat God ons hier in detail verduidelik het Christus later vir ons beveel toe Hy gesê het dat ons nie net God moet liefhê met alles van ons nie, maar dat ons ons naaste ook moet liefhê soos onsself.

God gee egter in hierdie gedeelte vir ons duidelike riglyne vir hoe ons kan reageer op sy radikale genade. Hierdie gebooie wat Hy gegee het moet in ons gedagtes bly – ons moet daaroor dink en ons daarvoor beywer om met God se wet te reageer op sy groot genade. Ons moet ons kinders leer en met hulle daaroor praat wanneer ons oppad is, of by die huis is, of ons opstaan en of ons gaan slaap. Dit moet `n herinneringsteken op ons hande en `n merk op ons voorkoppe wees – dit moet ons optrede en ons gedagtes bepaal.

Vanoggend gaan Koos, Mariza, Francois en René vir klein Keagan en Anna-belle voorhou om gedoop te word om só ook die teken van die verbond te ontvang. Omdat Koos, Mariza, Francois en René glo en só deel in die besondere, verbondsverhouding deur Jesus Christus, het klein Keagan en Anna-belle ook deel aan daardie verhouding. Dit is juis hier, waar verbondsouers hulle kindjie bring om gedoop te word, waar ons op `n besonderse manier beleef hoe God ook met hierdie kindjie die verbond sluit. Dit is hier waar ons beleef dat hierdie opdragte in Deuteronomium prakties word. Dit is hier waar Koos, Mariza, Francois en René gaan belowe om vir klein Keagan en Anna-belle te leer van die Here waar hulle by die huis is of wanneer hulle opstaan of wanneer hulle op reis is of wanneer hulle gaan slaap, wat ons die radikale genade van die Here beleef. Ons beleef dit juis daarin dat ten spyte van Koos, Mariza, Francois en René se tekortkominge en ten spyte van die feit dat klein Keagan en Anna-belle dit alles nog nie kan verstaan nie, God tog met hulle in `n verhouding staan en dat niks hulle uit die hand van die Here kan ruk nie.

Ons het al baie lank die gebruik dat die ouers beloftes aflê teenoor God wanneer hulle `n kind bring om gedoop te word. Wanneer verbondsouers dan hulle kind bring

om gedoop te word, is dit vir die res van ons `n geleentheid om te dink oor of ons ons doopsbeloftes nakom. Kom jy nog daardie belofte na? Jy het beloof dat jy jou kind in die geloof sal onderrig en sal laat onderrig tot die beste van jou vermoë. Dit beteken dat julle as ouerpaar die eerste en belangrikste verantwoordelikheid het om jou kind te leer en te laat leer oor God en `n lewende verhouding met God! Hoe tragies is dit wanneer ouers hierdie reaksie op God se genade afskeep en beperk tot katkisasie op `n Sondag!

Hierdie opvoeding moet en mag nie beperk word tot katkisasielessies en af en toe se huisbesoeke en huisgodsdiens nie! Dit is nou in die uitsonderlike gevalle waar huisgodsdiens nog gehou word! Daarom dat die Here ons leer dat ons uit genade elke dag en in alles wat ons doen met ons kinders moet praat oor God en hulle verhouding met God. Dit moet die basis van elke gesprek met jou kind wees – nie net daardie ongemaklike vrae wat soms na vore kom nie!

Jou lewe moet getuig van jou verhouding met God omdat Hy sy roekelose genade aan jou bewys het! Daarom moet dit `n herinneringsteken op jou hand en `n merk op jou voorkop wees – jou gedagtes en jou dade moet opgeneem en bepaal word deur jou verhouding met God! Dit is hoe jy as `n verbondsouer jou kind kan leer van die Here. Jy leer en onderrig nie net jou kind deur sekere waarhede te herhaal en te herhaal nie, maar deur die voorbeeld te stel en hulle groot te maak met daardie voorbeeld. Só word jou reaksie op God se roekelose genade `n wonderlike getuienis vir jou kind!

Dit is hoe ons as gemeente, as deel van die verbondsvolk van ons Here, voor God se troon moet staan! `n Gemeente van toegewyde gesinne wat God aanbid en dien deurdat God se groot, onbeskryflike roekelose genade jou dring om Hom met oorgawe te dien!

Gaan dink weer oor wat God se genade werklik vir jou beteken. Breek met elke “maar” wat jy aan God se genade wil koppel en lewe `n nuwe lewe in gehoorsaamheid aan God deur genade. Maak weer erns met daardie beloftes wat jy as ouer teenoor die lewende God gemaak het toe jy jou kind gebring het om gedoop te word. Lewe die verhouding wat God met jou begin het – moenie net daaroor dink nie. In elk geval, hoe kan jy nog van die sonde hou en dit liefhê wanneer dit jou Verlosser se lewe gekos het om jou daarvan vry te koop?

Amen